



Noodroep uit die dieptes

Teks vir die preek:

“Uit die dieptes roep ek u aan, o HERE...”.

Psalm 130

N Droomer

© by skrywer - 2011
www.christelikebiblioteek.co.za

Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 89:1-2
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 84:2, 3
5. Gebed
6. Sing Psalm 69:1, 3, 6, 7
7. Skriflesing en teks: Psalm 130
8. Preek
9. Sing Psalm 44:5, 8, 9
10. Gebed
11. Kollekte
12. Sing Psalm 74:1, 7, 15, 16
13. Seën

Geliefde gemeente van Christus, broeders en susters,

Die man wat hierdie psalm geskryf het, het in groot nood verkeer. Ons hoor hom sê: **"Uit die dieptes roep ek U aan, o HERE! Here, hoor na my stem; laat u ore luister na die stem van my smekinge"**. Watse nood dit presies was, word nie uit die psalm self heeltemal duidelik nie. Sommige verklaarders dink aan die ballingskap in Babilonië. Dit is nie onmoontlik nie. Veral verse 7 en 8 verwys daarna dat dit nie net vir die skrywer nie maar vir die hele kerk van die Ou Bedeling blykbaar 'n groot krisissituasie was. En dit pas natuurlik as ons van die veronderstelling uitgaan dat die opskrif bokant psalms 120 tot 134 "n Lied hammaäloth" - 'n lied van die opgange - nie net verwys na die opgange of optogte as die volk Israel vir die groot Joodse feeste opgetrek het na die hoër geleë Jerusalem nie, maar ook na die optogte uit Babilonië terug na die beloofde land.

Hoe dit ookal mag wees, dit was verskriklike nood. Die woord wat in Afrikaans vertaal is met "dieptes", word in Jesaja 51:10 ook gebruik. En daar beteken dit die dieptes van die see, waar die seemonster bly. In Psalm 69: 2 en 3 is dit gebruik om die onpeilbare diep ellende, ja die ellende van iemand wat sterwende is, uit te beeld. Ons hoor hom in sy verstikkende benoudheid roep na God: "Verlos my, o God, want die waters het tot by die siel gekom. Ek sink in grondelose modder waar geen staanplek is nie; ek het in waterdieptes gekom, en die stroom loop oor my". Sulke ellende en benoudheid moet ons vir ons voorstel by die woord "dieptes". Dit is 'n kwessie van lewe of dood. Jy voel dat jy heeltemal onder gaan. En daar is niemand wat help nie. So moes Jeremia gevoel het toe hy deur koning Sedekia in 'n put met nat, slymerige modder gegooi is, hy weggesak het en nie kon staan nie. (Jeremia 38:6; Klaagliedere 3:53 en 54.)

By die woord dieptes moet u dink aan die nood van 'n drenkeling, meegesleur deur 'n seestroom. Na enkele minute is hy in die diepsee. Hy spartel en spook om bo water te bly. Maar elke keer weer sink hy weg in die dieptes. Onder hom is daar geen bodem nie. En bokant sy kop maak die water telkens weer toe. Die doodsangs, hy besef: ek gaan dit nie maak nie, hier is dan my einde en dan die noodkrete in die hoop dat iemand dalk nog kan help.

Kyk, uit sulke omstandighede - verstikkende benouend - skreeu die digter van Psalm 130 tot die HERE. Dit is nie die kalm, rustige en bedaarde gebed uit die stilte van jou

binnekamer nie. Dit kom uit die mond van iemand wiese keel toegeknyp is van angs. "HERE, hoor na my stem; laat u ore luister na die stem van my smeking!". Die ballingskap voel vir hom soos 'n bodemlose moddermassa en hy en sy volk sink al dieper daarin weg. Dit is doodsnoed. Niemand help nie. Al wat nog oorbly is om te roep, ja met 'n deurdringende skreeu na God te roep.

Sulke dieptes was daar egter nie net vir Israel toe hulle gevange was in Babilonië nie. Die lewe is eenvoudig vol daarvan. So is daar tot God geroep in die vrouekonsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog by sterwende kinders. Maar so word God vandag ook hardop gesmeek deur menige man en vrou in die plakkerskampe rondom ons groot stede. Moeggepleit van huis tot huis vir 'n werkjie sodat hulle kos het om hulle kinders aan die lewe te hou, gaan hulle dikwels honger slaap. Wie neem hulle kwalik as uit hulle donker put van neerslagtigheid hulle gebed 'n kreet word na God vir hulp?

Die nood van die man in Psalm 130 skyn egter nie 'n bloot persoonlike krisis te wees nie. Nee, hy maak deel uit van Israel, van God se verbondsvolk. Dit laat vers 7 en vers 8 duidelik sien. Maar daarom is die noodroep uit die verstikkende duisternis nie soos 'n noodsein vanaf 'n sinkende skip nie. Dit is nie soos die wanhoopsgille van een wat hoop dat iemand êrens sal hoor en sal kom help nie. Hierdie skrywer se noodroep is gerig aan 'n duidelike adres: "Uit die dieptes roep ek **U** aan, o HERE"! Ondanks alle verbindings na bo en na onder skynbaar afgesny is, is daar nog steeds die band van die verbond, die band met die lewende HERE. Hy gebruik die naam Jahwe, God se verbondsnaam. Kragtens die HERE se verbond met sy volk roep hier 'n kind tot sy Vader. En al het alles onder hulle weggesink, was juis hierdie band met die lewende God die rotsvaste bodem wat die getroue oorblyfsel van Israel in die ballingskap gehad het om op te staan en waarop die digter hom beroep.

Kyk, so roep hierdie man in naam van die volk Israel tot hulle Vader in die hemel. En as hy so worstel in hulle benouende lewensomstandighede, kan hy nie keer dat sy gedagtes gaan na die bron van al hulle ellende, die sonde, nie. Hy noem dit in vers 3 "**die ongeregtighede**". Hy bedoel die ongeregtighede van homself en van al die ander wat saam met hom in doodsnoed verkeer. Hierdie digter sien nie sy benouing as iets toevallig, iets wat op sigself staan nie. Nee, verblindend skerp sien hy dit wat agter hulle nood skuil: ongeregtighede. Letterlik staan daar eintlik "verkeerdhede". En dié woord laat ons verstaan dat hulle willens en wetens weggedraai het uit die goeie pad van die HERE. Daar is ingegaan teen die uitdruklike bevel van die HERE. Die geskiedenis van die volk

Israel soos dit in die Ou Testament beskryf is, gee ons tallose voorbeelde daarvan. En hoe het die profete dit nie aangewys en teen die HERE se verbondswraak gewaarsku nie! Die aangrypende gebed van Daniël (Daniël 9) draai daar ook geen doekies om nie. Alle nood wat hulle belewe, is vir die digter net die gevolge van één demoniese ding, naamlik hulle tallose afdwalinge, hulle verkeerdhede. Hulle diepste nood is hulle sonde. Dit het tot die klein oorblyfsel getroue Israeliete glashelder deurgedring. Dit is 'n groot seën as die Gees van God ons as kerk of as individuele gelowige in krisissituasies help om by die werklike oorsaak van ons nood uit te kom, dat ons in die meeste gevalle self verantwoordelik is vir die modder waarin ons wegsink.

Ons kan dikwels so goedkoop dink en so goedkoop praat oor wat ons verkeerd doen. En ons kom so maklik met allerhande verskonings daarvoor. Maar dit doen hierdie digter nie. Inteendeel, hy sê: "as U, HERE, die ongeregthede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan?" Letterlik staan daar: "as U, Here, die ongeregthede **bewaar**, wie sal staan". Hulle doodsnoed dring die vraag aan hom op: Is ons nie in hierdie moeras omdat God ons sondes nie kan vergeet nie. Hoe kyk die Here, die majesteitlike Beheerser van hemel en aarde, na alles wat ons gedoen het? " Die ontsettende moontlikheid hou hom besig dat God van alles wat hulle verkeerd gedink en verkeerd gesê en verkeerd gedoen het, boek gehou het, dit opgeteken het. Dat Hy telkens daarby stiltaan. Hy worstel met die gedagte dat hulle hier God se verbondswraak belewe wat Hy beloof het die verbondsbrekers sal tref. Omdat Hy nie hulle misdade kan vergeet nie. En as dit so is, dan is daar mos vir hulle geen hoop nie! Wie sal dan staan? sê hy. En hy bedoel: as ons voor God moet tereg staan oor ons verkeerdhede, wie kan dan bly staan? Dan het niemand 'n voet om op te staan nie.

Broeders en susters, so het menige gelowige al in swaar beproewing geworstel met die gedagte dat sy skuld voor God onuitwisbaar bly staan, te groot om kwytgeskeld te word. God hou dit teen jou. Hy kan dit nie vergeet nie.

As die digter egter dreig om saam met sy volk in die dieptes van hulle ellende te versmoor, klem hy vas aan God se verbondsbelofte: "**Maar by U is vergewing...**" sê hy. Letterlik staan daar: "Maar by U is **die** vergewing..." So het Israel tog van die vroegste jare af die HERE leer ken. As barmhartige en genadige God, 'n God wat "ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe", Eksodus 34:7. Nee, God vergeet die sonde nie sommer sonder meer nie. Hy het 'n baie radikaler manier verkies om die sonde weg te neem. Dit is dat Hy dit gelaai het op sy Seun, ons Here Jesus Christus, sodat Hy dit wegdra. En al

die jare in Israel se bestaan het God daardie vergewing wat Christus uiteindelik sou bring, vir Israel afgebeeld in die besnydenis, in die sondoffers, in die soenoffer op Groot Versoendag. So het Hy gewys dat Hy die God is wat graag die skulde kwytskeld, wat graag die ongeregtighede bedek, wat graag vrysprek van straf. Vergewing - dit is die skitterende kenmerk van die God van Israel. Daardie heerlike eienskap is eie aan Hom, dit hoort by Hom. Vergewing het sy tuiste by God. Vergewing van sondes, dit is die hart van die evangelie, ja dit is wat daar in God se hart is vir verlore sondare. En oral in sy Woord roep God ons toe, veral ook in die Nuwe Testament, weens Christus se lyding en sterwe: daar is vergewing. Dit was nog altyd by God gewees. En dit maak nie saak hoe jy alles verbrou het nie, as jy met opregte berou jou skuld voor God kom neerlê, dan vind jy 'n oop hart en arms wat jou verwelkom. Dink aan die gelykenis van die verlore seun wat teruggegaan het na sy pa en sy skuld erken het.

Met hierdie rojale guns van God mag niemand egter speel nie. Die digter sê: "...by U is vergewing, **dat U gevrees mag word.**" God vergewe nie sodat ons maar roekeloos weer nuwe skulde kan opstapel nie. Ons mag nooit die gedagte kry: ag, ons sonde is nie so erg nie, dit sal tog wel weer kwytgeskeld word. God is tog mos maar 'n vergewende God. Nee, die vergiffenis wat God ons uit genade skenk, is verskriklik swaar verdien. Christus het dit verdien deur te ly en te sterf aan die vloekhout op Golgota. En as jy hierdie onbetaalbare genadeskenk ontvang het, dan wil jy jou lewe lank die Gewer daarvan nooit teleurstel nie. Intendeel jy kan Hom nie dankbaar genoeg wees nie. Jy wil dit vir Hom laat sien in die liefde, in die respek waarmee jy Hom dien. Dit is tog wat dit beteken om "die HERE te vrees". Die woord "vrees" is nie 'n slaafse vrees nie, maar 'n liefdevolle respek wat jou laat huiwer om Hom teleur te stel. Want hy wat vergewing ontvang, het Godself ontvang. So, as Israel sou terugkom in hulle vaderland kon hulle nooit weer dieselfde goddelose lewenspatroon van voor die ballingskap herhaal nie. Nee, dan is hulle 'n vergeefde gemeenskap wat hulle dankbaar gee aan hulle hemelse Vader, wat in alles met Hom rekening hou. Kyk, dit het Israel weer in hulle doodsnoed leer sien.

Die digter eindig die psalm met: "**Ek wag op die HERE, my siel wag en ek hoop op sy Woord...**" En dan roep hy sy volk op om saam met hom op die HERE te wag en op sy verlossing te hoop. In sy binneste leef die sekerheid dat die HERE hom tog oor hulle sal ontferm. Eenmaal gaan die HERE tog kom en sy volk uit hulle ellende bevry. Want as by Hom vergewing is, sal die volledige uitkoms ook plaasvind. Daarvoor het Israel sy woord. God sal sy vergewing bewys met konkrete verlossing. Dit is sy vurige verwagting. En

hierdie verwagting bou hy op hulle Vader se goedertierenheid. Want by die HERE is nie net die vergewing nie, maar hy herinner Israel daaraan: "**by die HERE is die goedertierenheid**". Hy gebruik die bekende verbondsterm, die Hebreeuse woord "chêsêd". Die woord is vertaal met "goedertierenheid", en verwys na God se genade, sy guns, sy verbondsliefde vir sy volk. In sy verbond leer God sy volk dat Hy hulle Vriend is, soos Hy vir Abraham ook was. Na daardie troue vriendskap van die HERE en die verlossende woord wat Hy sal spreek om sy volk te bevry, moet Israel in hulle diep duisternis uitsien.

Hyself sien hartstogtelik uit na die HERE self en na wat Hy vir hulle sal bewerk. Hy sê: "**My siel wag op die Here** (die Beskikker van alles) **meer as wagers op die more, wagers op die more**". Vir Israel was dit so 'n verstaanbare beeld. Vir 'n wagter wat moet wagstaan op die muur van die stad en die hele nag deur moet waak oor die veiligheid van die inwoners, kan die nag so oneindig lank duur. Ons hedendaagse wagte kyk dan onophoudelik op hulle horlosies. Maar elke keer lyk die dag nog so ver. Dit is of die ure so traag verbysleep. Die outydse wagers het egter nie armhorlosies gehad nie. Hulle het elke keer weer na die kant van die lug gekyk waar die son sou opkom: is daar dan nie tog al 'n teken van die eerste moreglorie nie? Kyk, so oneindig lank het Israel se beproewing vir die digter gelyk: die dieptes kry net nie end nie. Tog het hy nie moed opgegee nie. Weens God se verbondstrou en sy vergewing kom die more van verlossing sekerlik ook! Daarom wakker hy die gelowige oorblyfsetjie van Israel ook aan: "**Wag op die HERE, o Israel...**" Julle is nou die slawe van julle onderdrukker. Maar kyk uit vir die HERE en die groot loskoping - dit is die woord wat hier gebruik is - waarmee Hy julle sal vrymaak uit die slawerny. Want die HERE, ons troue Verbondsgod, is met ons op pad na die dag wanneer Hy ons finaal en volledig bevry van alle ongeregtighede.

Gemeente, dit maak nie saak in watter dieptes ons as kerk en as gelowiges in hierdie lewe versink nie. Ons mag steeds in Christus glo en vashou daaraan dat die Vader in sy bloed 'n nuwe, ewige verbond met ons gesluit het. Op grond van ons Vader se verbondstrou, van sy goedertierenheid, mag ons seker wees van vergewing so dikwels as wat ons ons sondes bely. En daarom mag ons seker wees dat Hy met ons op pad is na die dag dat Hy ons finaal sal verlos van al ons ongeregtighede. Verwag met u hele hart die HERE en die lewe met Hom op die nuwe aarde, waar daar nooit meer dieptes kan wees nie.

Amen.